**MARIE DU TOIT – KALEIDOSKOOP**

(Patroonplaat word verskaf-R50)

Interessante projekte kan aangepak word as die kaleidoskoop tegniek onder die knie gekry is. In die klas word 'n 6 punt ster van 6 identiese eenhede gelas. Stapel en sny of stapel kies en sny word gedoen en gedemonstreer. Die ontwerp bepaal die aantal lae benodig. Die akkurate las van 6 puntjies in die middel sonder om 'n gaatjie te kry word beoefen. Die inlas van diamante as agtergrond moet ook korrek gedoen word om skerp punte op die buiterand te verseker.Die voltooide ster kan verwerk word in 'n naaldweksakkie waarvan die patroon verskaf word.

**Klasbenodighede**

2 strykysters word in die klas benodig.

1.Jy kan materiaal koop met groot motiewe (verskillendes) wat 6 herhalings het. As alternatief sal 6 identiese pante verskaf word, asook 6 diamante vir die agtergrond.

2. Indien jy jou eie materiaal gebruik word 'n materiaal vir die agtergrond benodig.

3. Indien jy vining werk en die naaldwerksakkie wil maak word 20 cm materiaal WOF benodig. ( 'n tweede ligte materiaal as voering kan ook gebruik word.) Dit kan met die masjien gestik word waar jy dan 'n masjien benodig.

4. Rolsnyer, Snybord en multilyn liniaal

5. Between of Sharp naald 10-12 grote (John James Big Eye needles word aanbeveel)
6. Spelde
7. Vingerhoed
8. Katoengaring- Aurafil, Metler of Guterman in 'n medium grys skakering.
9. Goeie beligting is noodsaaklik, 'n leeslamp, verleng koord en Multiplug kan gerus saam gebring word.